# HOËRSKOOL OUTENIQUA

# Inligtingsdokument
# vir tydperk 1 Junie tot 15 Junie

**Vir:**

**ONDERWYSERS**

**LEERDERS**

**OUERS**

**25 Mei 2020**

- **Skooltye:**
  - Onderwysers — Volle personeel — 07:15
  - Leerders: — Groep 1 — 07:30
  - Leerders: — Groep 2 — 08:00

- **Tye vir skandering:**
  - Onderwysers: — Kunssentrum / Skoolsaal: — 06:45 tot 07:15
  - Graad 12: Groep 1: — Kunssentrum: — 07:15 tot 07:50
  - Graad 12: Groep 2: — Kunssentrum: — 07:50 tot 08:30
  - Graad 11: Groep 1: — Skoolsaal: — 07:15 tot 07:50
  - Graad 11: Groep 2: — Skoolsaal: — 07:50 tot 08:30

**Neem kennis dat die proses byna ‘n minuut per persoon neem – onderwysers en leerders kan dus nie op die nippertjie opdaag nie!**

**Die onderwyser moet gereed wees om die 1ste leerder net na 07:15 te ontvang. Die 1ste les begin 08:00.**

- **Voorkoms en Skooldrag:**

  - **Dogters:**
    - Skoolklere nie verpligtend nie;
    - As leerder skoolklere aantrek, moet dit volle wintersdrag wees – baadjie is egter opsioneel, want dit kan nie elke dag gewas word nie!;
    - Alle dogters moet netjies en betaamlik aangetrek wees;
    - Geen komberse nie, want kontak met die oppervlakte is uiters gevaarlik!;
    - Geen grimering nie;
    - Geen juwele nie, behalwe die wat volgens gedragskode toegelaat word;
    - Gewone reëls vir hare en naels geld;
    - Alle leerders moet met “toe”-skoene skool toe kom. Geen plakkies.
  - **Seuns:**
    - Skoolklere nie verpligtend nie;
    - As leerder skoolklere aantrek, moet dit volle wintersdrag wees – baadjie is egter opsioneel, want dit kan nie elke dag gewas word nie!;
    - Langbroek, hemp met ‘n kraag of t-hemp, netjiese trui, warm baadjie (opsioneel);
    - T-hempde mag nie sonder trui of baadjie gedra word nie;
    - Geen komberse nie, want kontak met die oppervlakte is uiters gevaarlik!;
    - Geen juweliersware nie;
    - Baard moet te alle tye geskeer wees;
    - Hare moet netjies en versorg wees;
    - Alle leerders moet met “toe”-skoene skool toe kom. Geen plakkies.

**Vir veiligheid moet alle kledingstukke elke dag gewas word! Daarom toegewing oor skooldrag!**

**Hierdie reël is slegs ‘n tydelike maatreël!**

- **Maskers:**
  - Elke graad 12-leerder sal Maandagoggend, 1 Junie, twee maskers by die skool ontvang waar hul temperatuur getoets word. **Jy moet met jou eie masker die eerste dag skool toe kom! (BRING ELKE DAG 'N EKSTRA MASKER IN JOU RUGSAK / SAK SKOOL TOE!!!)**
  - Ander grade sal maskers ontvang soos hulle aanmeld vir skool.
  - Die leerder moet teken dat hy of sy die maskers ontvang het.
  - Leerders kan wel hul eie maskers dra, maar dit moet voldoen aan die voorskrifte.
    - Meer as een beskermde laag
  - Leerders moet elke dag met 'n skoon masker skool toe kom.
  - Gebruikte maskers moet gewas en gestryk (indien moontlik) word.
  - Die skool beveel aan dat leerders vooraf by die huis oefen om die masker vir 'n paar uur op te hou – dit neem 'n tydjie om daaraan gewoond te raak!
  - Leerders wat bril dra, moet oplees oor wat gedoen kan word om die opwaseming van die bril te voorkom – heelwat onderwysers het die afgelope week daarmee gesukkel!
  - 'n Plastiekskerm kan gedra word; ook in kombinasie met 'n masker.
    - Bring beide skool toe - onderwysers het gevind dat afwisseling help!
  - Alle maskers moet voldoen aan die etos van die skool – **graffiti ontoelaatbaar!**

- **Op- en aflaai van leerders:**
  - Leerders moet op die parkeerterreine aan die noordekant (berg se kant) van die skool op- en afgelaai word. **Stop naaste aan die saal waar jou temperatuur gemeet word!**
  - Op reëndae word dit aanbeveel dat die leerder in die motor bly totdat daar 'n spasie onderdak beskikbaar is of leerders kan van 'n reënbaadjie of sambreel gebruik maak.
  - Die skool doen 'n beroep op ouers en leerders om eerder vroeër as later te kom;
  - Dit neem ongeveer **EEN MINUUT** om 'n leerder se temperatuur te meet, die vrae te vrae en te beantwoord en vir die leerder om die vorm te onderteken;
  - Daar is 8 stasies per lokaal / 'n groep bestaan uit 160 leerders / 20 leerders per groep Dus: 20 minute as alles glad verloop / Hou in gedagte dat as 'n leerder se temperatuur te hoog of te laag meet, 'n 2de lesing geneem moet word.
  - Leerders mag nie in groepe staan en wag om opgelaai te word nie – hou by die voorgeskrewe afstand van 1,5 meter of meer – **dit is verskriklik belangrik!**

- **Motorfietsryers en leerders wat met eie motors skool toe kom:**
  - Leerders kan soos in die verlede hiervan gebruik maak. Normale reëls geld.
  - Motorfietsryers moet 2 meter uit mekaar parkeer. Valhelm vasgesluit aan motorfiets.
  - Motors parkeer in parkeerruimtes op parkeerterrein.
  - Motors mag nie deur die dag besoek word nie.
  - Leerders mag nie ander leerders vervoer nie.

- **Hoërisiko-leerders: Leerders met komorbidities:** (Volledige dokument volg)
  - *Hoërisiko-leerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:*
    - *Diabetes / Asma / Hoë bloeddruk / Hartsiektes / Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande.*
    - *Dit is belangrik dat sulke leerders nie kontak met ander leerders het nie. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, kontak asseblief die skoolhoof of mev. Naudé, sodat ons alternatiewe reëlings kan tref om u kind steeds van kwaliteit aanlyn-onderrig te voorsien. Outeniqua is die skool vir elke kind en*

*ons sal alles in ons vermoë doen om dit vir hierdie leerders so gemaklik as moontlik te maak. Alternatiewe vorm van assessering is deel van hierdie diens***.**

- **Skoolbywoning:**
  - Die skool versoek dat leerders wat enigsins simptome toon of siek is, by die huis moet bly. **As die leerder se antwoord op EEN van die vrae op die gesondheidsvraelys "JA" is, moet die leerder by die huis bly. Dieselfde geld vir onderwysers!**
  - Sodanige leerders sal daardie dag inskakel by die skool se aanlyn-onderrigprogram.
  - Sodanige leerder se ouer / voog moet tussen 08:00 en 09:00 daardie oggend die skool skakel en die **rede vir afwesigheid** by die afwesigheidskantoor aanmeld.
  - Die betrokke graadhoof of die adjunkhoof: dissipline sal sodanige ouers / voogde gedurende die dag skakel om verdere reëlings te tref.
  - Mevrou Penny Muller sal daagliks die afwesigheidslys vir die graadhoofde en adjunkhoof gee.
  - 'n Afwesigheidsbrief / mediese sertifikaat moet die dag waarop die leerder terugkeer, in die houer saam met die vorm wat die oggend ingevul is, geplaas word.

- **Wat gebeur as 'n onderwyser se temperatuur te hoog of te laag is?** *(Volledige dokument volg later)*
  - 'n Tweede lesing sal onmiddellik geneem word.
  - Rapporteer by die HOOFGESONDHEIDSBEAMPTE in die lokaal.
  - Verlaat die saal en gaan huis toe.
  - Vermy enige verdere kontak en kommunikasie met alle persone.
  - Maak so gou as moontlik kontak met 'n mediese beampte.
  - Hou die skoolhoof op hoogte van gebeure en die uitslag van die toets of die diagnose van die dokter. **Dit kan meebring dat die skool gesluit word!**

- **Wat doen die Hoofgesondheidsbeampte as 'n onderwyser die skool moet verlaat?**
  - Hoofgesondheidsbeampte stel onmiddellik die skoolhoof in kennis.
  - Skoolhoof sal akademiese hoof in kennis stel as onderrig geraak word.
  - Akademiese hoof sal so gou as moontlik 'n plaasvervanger reël.

- **Wat gebeur as 'n leerder se temperatuur te hoog of te laag is?** (*Volledige dokument volg later)*
  - 'n Tweede lesing sal onmiddellik geneem word.
  - Indien die lesing weer te hoog of te laag is, sal die leerder na 'n nabygeleë lokaal verwys word en onder kwarantyn geplaas word totdat die ouer / voog die leerder kom haal het.
  - Hierdie proses sal baie diskreet en met groot omsigtigheid hanteer word.
  - Die verantwoordelike persoon in die lokaal sal die ouer of voog onmiddellik kontak.
  - Die persoon sal sorg dat die leerder kalm en rustig gehou word, want dit beteken nog nie dat die leerder wel die virus of siekte onderlede het nie;
  - As ouer / voog die leerder kom haal het, moet daar so gou as moontlik kontak met 'n mediese beampte gemaak word;
  - Hou die skoolhoof en die graadhoof op hoogte van gebeure en die uitslag van die toets of die diagnose van die dokter. **Hierdie aspek is baie belangrik, want indien u kind positief toets, moet die skool sekere stappe volg in terme van ander persone wat in die nabyheid van die leerder was. Die skool vra u volle samewerking hier! Dit kan meebring dat die skool gesluit word!**

❖ **Prosedure vir onderwysers:**

- **Vul die gesondheidsvraelys in en beantwoord die vrae. As u by EEN van die vrae "JA" antwoord, moet u by die huis bly en die skoolhoof in kennis stel – ook as u temperatuur te hoog of te laag is.**
- As u gesond is, betree die skoolterrein met **masker, "toe"-skoene en 'n rugsak.**
- Personeelnommer 1 tot 42 meld in die Kunssentrum aan; die res in die skoolsaal.
- Tree aan op die aangeduide geel merkies op die grond en hou die afstand.
- Geen geselsery word toegelaat nie.
- Saniteer hande by die ingang van die lokaal. Moenie u sak / mandjie / tas op die vloer neersit nie. **Dit is uiters gevaarlik! (Daarom word 'n rugsak sterk aanbeveel!)**
- Staan regop en stil vir 'n akkurate temperatuurlesing en kontroleer dat die temperatuurlesing korrek neergeskryf is.
- Onderteken die vorm met u eie pen.
- Neem die vormpie saam en gooi dit in die houer in die vaklokaal.
- Neem die 2 vaklyste wat op die onderwysertafel beskikbaar sal wees.
- Beweeg onmiddellik na u vaklokaal en sluit dit oop.
- Kontroleer dat die banke en tafels volgens voorskrif gerangskik is.
- Ontvang die leerders vanaf 07:15 of 07:50 soos deur die rooster bepaal.
- Dui aan waar leerder moet sit; Altyd op dieselfde plek daarna.
- Merk die leerders wat teenwoordig is op die vaklys af en dui die sessie (1/2) aan.
- Plaas vaklys in houer wat afgehaal sal word.
- Neem 'n foto van die leerders, sodat daar 'n rekord is van waar hulle gesit het – slegs die eerste keer wat u die groep het!
- Stuur die foto na afwesig@outeniqua.co.za of WhattsApp na 072 1567 139.
- Die lokaal se nommer en spesifieke klasgroep moet op die foto wees.
- Laat leerders toe om tydens die sessie hul kospakkies te nuttig.
- Laat leerders toe om toilet toe te gaan en teken die tyd op die register aan.
- Gee kort rusperiodes tydens die lang sessie.
- Leerders mag nie rondbeweeg of mekaar se skryfbehoeftes gebruik nie.
- As die sessie verstreke is, verdaag die groep leerders na die volgende lokaal.
- Ontsmet elke bank of tafel.
- Ontvang die volgende groep leerders en herhaal die proses.
- Nuwe groep sit op ander sitplekke, indien moontlik.

❖ **Gesondheidsvraelys**

- Graad 12's sal die eerste skooldag 10 gesondheidsvraelyste ontvang.
- Die ander grade sal hul vorms op die dag waarop hulle aanmeld, ontvang.
- **Ouers / voogde / koshuisouers moet elke oggend een vraelys volledig voltooi en onderteken.**
- Ouers / voogde word aangeraai om 'n gewone koorspen aan te skaf om self u kind se temperatuur te meet.
- As die leerder se temperatuur te hoog of te laag is en hy of sy siekerig voel en op meeste van die vrae "JA" antwoord, moet die leerder liefs tuis gehou word;
- Die leerder bring die voltooide vorm saam na die lokaal waar die amptelike temperatuurlesing geneem word.
- As die leerder die vorm vergeet, sal 'n gekleurde vorm aan hom of haar verskaf word en die skool sal die ouer skakel om toe te sien dat dit nie weer gebeur nie.

❖ **Prosedure vir leerders:**

- Betree die skoolterrein met **masker** op die gesig en **"toe"-skoene**.
- Tree aan op die aangeduide geel merkies op die grond en hou die afstand.
- Graad 12: Kunssentrum; Vorm 2 rye by die Kunssentrum – soos aangedui.
- Graad 11: Skoolsaal; Leerders moet van die westelike ingang (die onderdakgedeelte by die dogters se kleedkamer) gebruik maak.
- Geen geselsery word toegelaat nie.
- Saniteer hande by die ingang van die saal.
- As leerder vorm vergeet het, neem 'n gekleurde vorm op die tafeltjie en vul jou naam, van en ID-nommer daarop in.
- Gee die reeds voltooide vorm aan die persoon agter die tafeltjie by die toetsstasie.
- Staan regop en stil sodat 'n akkurate temperatuurlesing geneem kan word;.
- Die persoon agter die tafeltjie sal die lesing neerskryf.
- Kontroleer of dit korrek neergeskryf is.
- Onderteken die vorm met jou eie pen en neem dit saam na jou klas.
- Gaan onmiddellik na jou vaklokaal.
- Handhaaf jou afstand en val in enkelgelid in 'n ry buite die vaklokaal;
- Wag vir jou beurt, gaan in en plaas die ingevulde vorm in die houer in die vaklokaal.
- Saniteer jou hande met jou eie reiniger.
- Onderwyser sal aandui waar jy moet sit.
- Groep 1 sit op die banke met 'n plakker en groep 2 op die banke sonder 'n plakker.
- Ontsmet die bank of tafeltjie waar jy sit.
- Raak rustig, haal diep asem en raak gewoond aan jou onmiddellike omgewing.
- Moenie aan ander banke of tafeltjies raak of besittings daarop neersit nie.
- Moenie enige skryfbehoeftes van jou klasmaats gebruik nie.

❖ **Selfone:**

- Leerders mag selfone saambring en by hulle hou.
- Saniteer jou selfoon daagliks.
- Haal selfoon uit op versoek van vakonderwyser.
- Sit dit af soos versoek word.
- Bêre selfoon in tas.
- Die proses sal tydens die volgende sessie herhaal word.
- Daar sal streng teen oortreders opgetree word.

❖ **Rusperiodes en gebruik van kospakkies:**

- Rusperiodes sal tydens sessies binne die klaskamer aangebied word; Geen pouses!
- Leerders moet hul eie kospakkies en drinkgoed saambring vir gebruik tussen sessies;
- Bring gesonde eet- en dinkgoed saam – vermy die inname van te veel suiker!
- Leerders wat gewoonlik kospakkies by die skool ontvang se kospakkie sal gedurende die sessie by die klas afgelewer word.

❖ **Algemene veiligheidsmaatreëls:**

- Die skool word elke Vrydagmiddag met **F10SC** gespuit; dit dood 95% van alle kieme.
- Klaskamers wat gebruik gaan word, sal ook daagliks vooraf met ‘n **UVC STERILIGHT** gedisinfekteer word.
- **Alle onderwysers sal van ‘n veilige afstand agter ‘n perspex-skerm klasgee.**
- Klaskamers wat gebruik word, sal elke dag **ontsmet** word.
- Na klaswisseling, sal banke of tafeltjies deur die onderwyser ontsmet word.
- Kleedkamers sal deur skoonmakers beman word wat dit na elke besoek, sal skoonmaak en ontsmet; nie meer as 3 leerders sal op ‘n slag toegelaat word nie. ‘n Onderwysers aan diens, sal die toegang beheer.
- Nies en hoes in jou elmboog; dra jou masker en/of plastiekskerm.
- Handhaaf sosiale distansiëring ten alle tye.
- Dra vir jou eie veiligheid “toe”-skoene – geen plakkies of skoene met gaatjies!
- Moet aan geen struktuur tydens klaswisseling, voor skool of na skool raak nie.

❖ **Skoolsak (verkieslik ‘n rugsak of ‘n sak met ‘n band) en Kospakkie: Wenke en voorskrifte:**

- Bring jou eie handreiniger en “wipes” saam. **(Onthou die ekstra masker!)**
- **Bring genoeg sneesdoekies (tissues) saam. Nie vir huil, vir hoes en proes!**
- Bring slegs die handboeke en skryfboeke wat nodig is.
- Bring die minimum skryfbehoeftes.
- Plaas dit in ‘n sak / rugsak wat jy bo-op jou bank of tafeltjie kan hou. Sakke / rugsakke moet nie op die vloer neergesit word nie, want die virus kan ingetrap word.
- As ‘n boek, pen, sak of ‘n kledingstuk op die vloer val, moet dit onmiddellik deeglik met jou eie ontsmettingsmiddel ontsmet word. Vra die onderwyser om jou hande te gaan was of deeglik te gaan ontsmet.
- Sorg dat jou kospakkie klein, kompak en maklik hanteerbaar is.
- Kospakkies moet so saamgestel word dat dit die kind se immuunstelsel versterk – doen gerus navorsing hieroor. Volg die gesonde pad! Vermy items met te veel suiker!
- Vitamines is belangrik! Nie net in pilvorm nie! Drink elke oggend jou vitamines!
- ‘n Sappie of water moet deel van die kospakkie uitmaak. **(Water gee suurstof!)**
- Kos mag nie met klasmaats gedeel word nie.

❖ **Oop houer in klaskamer vir gebruikte sneesdoekies en “wipes”:**

- In elke klaslokaal sal ‘n oop houer wees waarin gebruikte sneesdoekies en wipes gegooi kan word.
- Dit sal elke dag verwyder en gesaniteer word.
- As jy die houer moet gebruik, staan op, en gooi dit in die houer. Moenie dit op jou bank of tafeltjie plaas nie.
- Saniteer onmiddellik jou hande.
- Sakdoeke moet liefs nie gebruik word nie.
- **Gebruik jou spaar masker as jy per ongeluk in jou masker nies.**

❖ **Reëlings vir ouers / voogde of besoekers:**

- Beperk besoeke aan die skool asseblief tot die minimum.
- Ouers / voogde mag slegs leerders op- of aflaai.
- Geen ouer of voog mag die voertuig verlaat en die skoolterrein betree tydens die op- en aflaaiproses nie.
- Wees geduldige met die op- en aflaai van leerders – veral tydens reëndae.
- Poog om u reisreëlings so aan te pas dat die leerder nie lank op die skoolterrein hoef te wag nie.
- Probeer om eerder telefonies of deur middel van e-pos met die skool te kommunikeer.
- Maak gebruik van die *KARRIAPP*-fasiliteit om betaling van skoolgelde te doen.
- As u u voertuig moet verlaat en die skoolterrein betree, moet u by die Kunssentrum aanmeld en deur dieselfde proses van skandering as die onderwysers en leerders gaan.
- Tree aan op die geel strepies en hou u afstand.
- Saniteer u hande by die ingang van die saal.
- Neem ‘n vorm en vul u persoonlike besonderhede in.
- Staan stil en regop vir ‘n akkurate temperatuurlesing.
- Antwoord die vrae wat aan u gestel sal word.
- Kontroleer of die lesing akkuraat neergeskryf is.
- Onderteken die vorm met u eie pen.
- As u temperatuur te hoog of te laag is, sal u ongelukkig nie toegelaat word om die skool te betree nie.
- Ontvang ‘n plakker van die toetsbeampte.
- Meld by die kantoor aan vir verdere verwysing.
- **Geen kospakkies, boeke, take of skryfbehoeftes wat vergeet is, mag na die skool gebring word nie! Veiligheid van onderwysers en leerders bly ons hoogste prioriteit.**
- Beperk u besoeke tot afsprake met die skoolhoof of finansiële kantoor; tref u reëlings betyds, sodat u toegang by die skoolhek kan kry.
- Probeer hierdie afsprake vir die middag reël wanneer daar nie leerders op die terrein is nie.
- As die Kunssentrum reeds gesluit het, kan u temperatuur by die kantoor deur die sekretaresse geneem word; U sal die vorm dan daar voltooi en onderteken.
- Persone wat die terrein moet betree om ‘n diens te verrig, moet by die hek getoets en ingeteken word.

**AKADEMIESE AANGELEENTHEDE:**

- **Roosteraanpassings:**

    - Leerders en ouers moet kennis neem dat ons onder abnormale omstandighede die skool heropen en dat die roostermodel elke 2 weke aangepas sal word.
    - Sommige personeellede kan vanweë gesondheidstoestande of 'n proses van self-isolasie nie die skoolterrein betree nie.
    - Dit bring mee dat leerders heringedeel sal word en onderrig by 'n ander onderwyser sal ontvang. Ons is baie bewus van die ontwrigting wat hiermee gepaardgaan en vra dat leerders en ouers by hierdie omstandighede moet aanpas en inval by die reëlings wat deur die skool getref is.
    - Vir die eerste twee weke sal onderrig ook op Saterdae plaasvind. Ons sal die vordering ten opsigte van die inhaal van die verlore tyd monitor en voortdurend aanpassings maak.
    - As ander grade later aansluit, sal daar moontlik 'n verlengde skooldag wees en onderrig kan tot so laat as 15:00 geskied.
    - Daar sal nooit meer as 2 grade op 'n slag op die skoolterrein wees nie – ook nie in die skoolkoshuise nie.
    - Ons sal ook soms van die skoolsaal gebruik maak om groot groepe te hanteer – daar sal egter nooit meer as 40 leerders toegelaat word nie! Dit sal plaasvind wanneer botsings op die rooster voor kom of waar daar 'n tekort aan personeel is.
    - Die rooster sal ongelukkig voortdurend aangepas word soos van die ander grade terugkeer skool toe. Leerders en ouers moet deeglik kennis neem van hierdie situasie en daarby aanpas.
    - Neem kennis van die volgende faktore:
        - Ons skoolrooster is kompleks;
        - Daar is meer as 400 vakkombinasies in grade 10 tot 12 moontlik;
        - 'n Rekenaarprogram pak die rooster onder normale omstandighede;
        - Die roostermaker het nie dieselfde vermoë as die rekenaar nie – daarom sal daar soms "botsings" op die rooster voorkom;
        - Nie alle grade sal elke dag op die skoolterrein onderrig kan ontvang nie;
        - Nie alle vakke binne in 'n bepaalde vakkeusebaan het dieselfde behoefte aan onderrigtyd nie; *Voorbeeld: Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid val binne dieselfde baan, maar Wiskunde het moontlik meer tyd as Wiskundige Geletterdheid nodig; die rooster sal vorentoe hiervoor voorsiening moet maak;*
        - In sekere vakke kan leerders makliker van selfstudiemetodes gebruik maak as in ander – dit maak die rooster nog meer kompleks.
    - Elke seksie of vakgroep sal in 2 min of meer ewe groot groepe opgedeel word.
    - Ons vra begrip en aanpassing!

## ROOSTER VIR DIE TYDPERK 1 JUNIE TOT 15 JUNIE

| | **GRAAD 12** |
|---|---|
| **DAG** | **VAKKE** |
| **1 Maandag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **2 Dinsdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **3 Woensdag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **4 Donderdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **5 Vrydag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **6 Saterdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **7 Maandag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **8 Dinsdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **9 Woensdag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **10 Donderdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **11 Vrydag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **12 Saterdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |

| | **GRAAD 11** |
|---|---|
| **DAG** | **VAKKE** |
| **1 Maandag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **2 Dinsdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **3 Woensdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **4 Donderdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **5 Vrydag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **6 Saterdag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **7 Maandag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |
| **8 Dinsdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **9 Woensdag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **10 Donderdag** | AFRIKAANS HT / ENGLISH HL / ENGLISH FAL |
| **11 Vrydag** | WISKUNDE / WISKUNDIGE GELETTERDHEID /<br>**FW GROEP** *(FW / LW* / Besig / Gesk / Ontwerp*)* |
| **12 Saterdag** | **LW-GROEP** (*LW* / LAND / REKEN* / EKON / TOER / IGO / VK**)<br>**GEO-GROEP** (*GEO / VS / GAS / DRAMA / VK* / ONTW* / REKEN* / RTT / IT)* |

**ONDERRIG GESKIED IN 2 GROEPE IN ELKE VAK.**
**MAAK SEKER IN WATTER <u>VAKGROEP</u> JY DIE VAK NEEM.**
**MAAK SEKER IN WATTER <u>GROEP [1 of 2]</u> EN WATTER <u>TYD</u> JY MOET AANMELD.**

| DAG | TYD | VAKKE EN GROEPE |
|---|---|---|
| **1 Maandag** | 08:00 – 10:30 | Afrikaans Groep 1 |
| | 08:30 – 10:30 | Engels Groep 2 |
| | 11:00 – 13:30 | Engels Groep 1 |
| | 11:00 – 14:00 | Afrikaans Groep 2 |
| **2 Dinsdag** | 08:00 – 10:30 | Wiskunde Groep 1 / Wiskundige Geletterdheid Groep 1 |
| | 08:30 – 10:30 | FW groep 2 / LW Groep 2 / Besig Groep 2 / Gesk Groep 2 / Ontwerp Groep 2 |
| | 11:00 – 13:30 | FW groep 1 / LW Groep 1 / Besig Groep 1 / Gesk Groep 1 / Ontwerp Groep 1 |
| | 11:00 – 14:00 | Wiskunde Groep 2 / Wiskundige Geletterdheid Groep 2 |
| **3 Woensdag** | 08:00 – 10:30 | LW Gr 1 / Land Gr 1 / Reken Gr 1 / Ekon Gr 1 / Toer Gr 1 / IGO Gr 1 / VK Gr 1 |
| | 08:30 – 10:30 | Geo Gr 2 / VS Gr 2 / Gas Gr 2 / Drama Gr 2 / VK Gr 2 / Ontwerp Gr 2 / Rek Gr 2 / RTT Gr 2 |
| | 11:00 – 13:30 | Geo Gr 1 / VS Gr 1 / Gas Gr 1 / Drama Gr 1 / VK Gr 1 / Ontwerp Gr 1 / Rek Gr 1 / RTT Gr 1 / IT |
| | 11:00 – 14:00 | LW Gr 2 / Land Gr 2 / Reken Gr 2 / Ekon Gr 2 / Toer Gr 2 / IGO Gr 2 / VK Gr 2 |
| **4 Donderdag** | 08:00 – 10:30 | FW groep 2 / LW Groep 2 / Besig Groep 2 / Gesk Groep 2 / Ontwerp Groep 2 |
| | 08:30 – 10:30 | Wiskunde Groep 1 / Wiskundige Geletterdheid Groep 1 |
| | 11:00 – 13:30 | Wiskunde Groep 2 / Wiskundige Geletterdheid Groep 2 |
| | 11:00 – 14:00 | FW groep 1 / LW Groep 1 / Besig Groep 1 / Gesk Groep 1 / Ontwerp Groep 1 |
| **5 Vrydag** | 08:00 – 10:30 | Geo Gr 2 / VS Gr 2 / Gas Gr 2 / Drama Gr 2 / VK Gr 2 / Ontwerp Gr 2 / Rek Gr 2 / RTT Gr 2 |
| | 08:30 – 10:30 | LW Gr 1 / Land Gr 1 / Reken Gr 1 / Ekon Gr 1 / Toer Gr 1 / IGO Gr 1 / VK Gr 1 |
| | 11:00 – 13:30 | LW Gr 2 / Land Gr 2 / Reken Gr 2 / Ekon Gr 2 / Toer Gr 2 / IGO Gr 2 / VK Gr 2 |
| | 11:00 – 14:00 | Geo Gr 1 / VS Gr 1 / Gas Gr 1 / Drama Gr 1 / VK Gr 1 / Ontwerp Gr 1 / Rek Gr 1 / RTT Gr 1 / IT |
| **6 Saterdag** | 08:00 – 10:30 | Afrikaans Groep 1 |
| | 08:30 – 10:30 | Engels Groep 2 |
| | 11:00 – 12:15 | Engels Groep 1 |
| | 11:00 – 12:45 | Afrikaans Groep 2 |
| **7 Maandag** | 08:00 – 10:30 | Engels Groep 1 |
| | 08:30 – 10:30 | Afrikaans Groep 2 |
| | 11:00 – 13:30 | Afrikaans Groep 1 |
| | 11:00 – 14:00 | Engels Groep 2 |
| **8 Dinsdag** | 08:00 – 10:30 | Wiskunde Groep 1 / Wiskundige Geletterdheid Groep 1 |
| | 08:30 – 10:30 | FW groep 2 / LW Groep 2 / Besig Groep 2 / Gesk Groep 2 / Ontwerp Groep 2 |
| | 11:00 – 13:30 | FW groep 1 / LW Groep 1 / Besig Groep 1 / Gesk Groep 1 / Ontwerp Groep 1 |
| | 11:00 – 14:00 | Wiskunde Groep 2 / Wiskundige Geletterdheid Groep 2 |
| **9 Woensdag** | 08:00 – 10:30 | LW Gr 1 / Land Gr 1 / Reken Gr 1 / Ekon Gr 1 / Toer Gr 1 / IGO Gr 1 / VK Gr 1 |
| | 08:30 – 10:30 | Geo Gr 2 / VS Gr 2 / Gas Gr 2 / Drama Gr 2 / VK Gr 2 / Ontwerp Gr 2 / Rek Gr 2 / RTT Gr 2 |
| | 11:00 – 13:30 | Geo Gr 1 / VS Gr 1 / Gas Gr 1 / Drama Gr 1 / VK Gr 1 / Ontwerp Gr 1 / Rek Gr 1 / RTT Gr 1 / IT |
| | 11:00 – 14:00 | LW Gr 2 / Land Gr 2 / Reken Gr 2 / Ekon Gr 2 / Toer Gr 2 / IGO Gr 2 / VK Gr 2 |
| **10 Donderdag** | 08:00 – 10:30 | FW groep 2 / LW Groep 2 / Besig Groep 2 / Gesk Groep 2 / Ontwerp Groep 2 |
| | 08:30 – 10:30 | Wiskunde Groep 1 / Wiskundige Geletterdheid Groep 1 |
| | 11:00 – 13:30 | Wiskunde Groep 2 / Wiskundige Geletterdheid Groep 2 |
| | 11:00 – 14:00 | FW groep 1 / LW Groep 1 / Besig Groep 1 / Gesk Groep 1 / Ontwerp Groep 1 |
| **11 Vrydag** | 08:00 – 10:30 | Geo Gr 2 / VS Gr 2 / Gas Gr 2 / Drama Gr 2 / VK Gr 2 / Ontwerp Gr 2 / Rek Gr 2 / RTT Gr 2 |
| | 08:30 – 10:30 | LW Gr 1 / Land Gr 1 / Reken Gr 1 / Ekon Gr 1 / Toer Gr 1 / IGO Gr 1 / VK Gr 1 |
| | 11:00 – 13:30 | LW Gr 2 / Land Gr 2 / Reken Gr 2 / Ekon Gr 2 / Toer Gr 2 / IGO Gr 2 / VK Gr 2 |
| | 11:00 – 14:00 | Geo Gr 1 / VS Gr 1 / Gas Gr 1 / Drama Gr 1 / VK Gr 1 / Ontwerp Gr 1 / Rek Gr 1 / RTT Gr 1 / IT |
| **12 Saterdag** | 08:00 – 09:15 | Engels Groep 1 |
| | 08:30 – 09:45 | Afrikaans Groep 2 |
| | 11:00 – 12:15 | Afrikaans Groep 1 |
| | 11:00 – 12:15 | Engels Groep 2 |

**VAKGROEPE**

| TALE | Wiskunde-groep | FW-groep | LW-groep | Geo-groep |
|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans HT**<br>**Engels HT**<br>**Engels EAT** | **Wiskunde**<br>**Wiskundige Geletterdheid** | **Fisiese Wetenskap**<br>**Lewenswetenskap**<br>**Besigheidstudies**<br>**Geskiedenis**<br>**Ontwerp** | **Lewenswetenskap**<br>**Landbouwetenskap**<br>**Rekeningkunde**<br>**Ekonomie**<br>**Toerisme**<br>**IGO**<br>**Visuele Kuns** | **Geografie**<br>**Verbruikerstudies**<br>**Gasvryheidstudies**<br>**Drama**<br>**Visuele Kuns**<br>**Ontwerp**<br>**Rekeningkunde**<br>**RTT**<br>**IT** |

- **Akademiese gereedheid:**
  - Nie alle leerders is op dieselfde akademiese vlak van gereedheid in elke vak nie.
  - Sommige leerders het nougeset die beplanning gevolg en deur selfstudie op datum gebly; ander leerders het moontlik dit nie in dieselfde mate gedoen nie – vanweë baie faktore, o.a. die gebrek aan fasiliteite, elektroniese apparaat en data. Die skool is intens bewus van hierdie situasie en sal dit met deernis en begrip hanteer.
  - Alle werk wat gedurende die 2de kwartaal gemis is, sal in die klas behandel word. Leerders en ouers moet egter besef dat die tempo waarteen gewerk sal moet word om die agterstallige werk en die werk van die 3de kwartaal te voltooi, hoog gaan wees. Leerders wat bygebly het, sal hierby baat.
  - Leerders wat, vanweë gebrekkige fasiliteite, ver agtergeraak het, sal in die namiddae ekstra ondersteuning ontvang.

- **Voortsetting van onderrig in alle grade:**
  - **Die senior skoolbestuur het besluit dat onderrig in alle grade (dié wat skool fisies bywoon en dié wat tuis is) vanaf 1 Junie begin.**
  - Die skool is tans besig om ‘n databasis saam te stel oor die beskikbaarheid van rekenaars, slimfone en data.
  - Die skool sal leerders met gebrekkige fasiliteite sover as moontlik, ondersteun. Die skool sal individueel met hierdie leerders en hul ouers skakel.
  - Leerders in laer grade sal lesse en opdragte in verskillende vorms ontvang. Ons doen ‘n beroep op alle leerders om elke dag getrou al die werk te doen en opdragte van onderwysers nougeset uit te voer.
  - **Na 1 Junie sal werk wat behandel is (in alle grade) nie weer tydens kontaktyd behandel word nie en leerders sal daaroor eksamen skryf.**
  - Neem kennis dat lesse nie noodwendig deur die betrokke leerder se onderwyser aangebied sal word nie, maar deur ‘n onderwyser wat deur die vakspan daarvoor getaak is. (Selfs ‘n “champion”-onderwyser van ‘n ander skool / provinsie)
  - ***Voorbeeld:*** *‘n Les oor ‘n spesifieke gedig / tema / wiskundige konsep sal deur onderwyser X opgeneem word en aan die hele graad beskikbaar gestel word. Dieselfde onderwyser sal die aktiwiteit(e) of opdragte voorsien. Jou vakonderwyser sal egter met jou kommunikeer en jou werk kontroleer.*
  - *Jy moet jou voltooide opdragte vir jou onderwyser stuur en nie vir die onderwyser wat die les aangebied het nie.*

- **Nuwe onderrigbenadering:**
  - Die onderrigleerproses verander vanaf 1 Junie 2020 dramaties om aan te pas by die eise van die 4IR (Vierde Industriële Revolusie).
  - Leerders sal voortaan selfstandig moet studeer en eienaarskap vir hul eie vordering aanvaar. (YOYOB = You own your own behaviour)
  - Kontaktyd tussen onderwyser en leerder sal meer die vorm aanneem van 'n bespreking van dit wat die leerder nie self bemeester het nie.
  - Die onderwyser sal tydens kontaktyd fyn ingestel wees op die behoeftes van die leerders wat vooraf aan hom of haar gekommunikeer is.
  - Openhartige, eerlike kommunikasie tussen die leerder en die onderwyser is in die nuwe bedeling van kardinale belang.
  - **Die nuwe onderrigbenadering sal <u>binnekort</u> min of meer so lyk:**
  - Die onderwyser neem vooraf die les op en verduidelik die kernkonsepte;
  - Die les met aanvullende notas of ppt-aanbieding word op 'n gebruikersvriendelike platform geplaas – aangevul deur opdragte, taakkaarte en/of aktiwiteite.
  - Die leerder luister / kyk na die aanbieding, maak sy of haar eie opsomming en voer die opdragte selfstandig by die huis uit.
  - Die leerder kommunikeer aan die onderwyser wat hy of sy nie verstaan nie. Die onderwyser antwoord by wyse van 'n verdere verduideliking. Later volg 'n memo.
  - Twee kontaksessies van 45 minute per week word gereël. Die leerder kom skool toe en die onderwyser fokus slegs op dit wat nog nie bemeester is nie.

- **DIE EDMODO-PROGRAM**

  - Die senior skoolbestuur, in oorleg met die vakhoofde, het besluit om die Edmodo-program te gebruik om ons in staat te stel om gestalte aan die nuwe onderrig-benadering te gee.
  - Edmodo is 'n sosiale netwerk wat geskep is vir onderwysers en klasse – soortgelyk aan 'n private facebook-bladsy vir die skep van klasse wat deur die onderwyser beheer word.
  - Hier is van die voor- en nadele van Edmodo wanneer dit vergelyk word met programme soos MS Teams & Google classroom:
  - **Nadele:**
  - Kan nie 'n les 'live stream' en / of direk opneem nie;
  - Gebruik data om die inhoud af te laai;
  - Het internettoegang nodig om te gebruik;
  - **Voordele:**
  - Nie afhanklik van 'n spesifieke e-posverskaffer nie (MS Teams vereis 'n MS-rekening, Google classrooms vereis 'n Google-rekening);
  - Nie afhanklik van 'n spesifieke toestel soos 'n slimfoon of rekenaar nie (kan van enige plek en enige toestel inteken);
  - Alle werk vir die klas is bymekaar en georganiseerd;
  - Al die klasse is bymekaar op een plek (vir beide die onderwysers en die leerders);
  - Die leerders hoef nie die onderwyser se telefoonnommer te hê nie;
  - Leerders wat later by die groep aansluit, het toegang tot al die bronne en inligting wat vroeër uitgestuur is;
  - Onderwysers en leerders kan met die hele klas kommunikeer (group posts);
  - Onderwysers en leerders kan privaat kommunikeer (Messages);

- Groepboodskappe kan gelyktydig aan meer as een klas gestuur word;
- Groepboodskappe kan vooraf geskeduleer word om 'n sekere tyd uit te gaan (stuur bv. 'n werkopdrag en skeduleer terselfde tyd die memo vir 3 dae later);
- Die ouers het 'n opsie om deel te word van 'n ouergroep vir elke klas (onderwysers & ouers kan dus ook kommunikeer);
- Ouers wat deel is van die ouergroep, kry 'n 'notification' wanneer werk vir die klas gestuur word;
- Alle inhoud bly aanlyn beskikbaar – geen kommunikasie gaan verlore as toestelle breek / wegraak / gesteel word nie.
- ***Toep (App)*** beskikbaar om Edmodo op mobiele toestelle te gebruik;
- Maklik om op te stel en te gebruik;
- Onderwyser beheer wie toegang tot die klasse kry.

❖ **Opdrag aan alle leerders van alle grade:**

- Gaan na www.edmodo.com op jou rekenaar of laai die toep op jou slimfoon af.
- Voltooi die registrasieproses volledig.
- Gebruik die kode wat deur jou onderwyser verskaf word om by die klas aan te sluit.
- Sorg dat jy teen 1 Junie gereed is om te begin werk.

❖ **Watter diens is beskikbaar as daar 'n tekort aan data is?**

- Die skool gaan 'n WiFi-punt op die parkeerarea skep.
- Teken in by die hek en dui die doel van die besoek aan.
- Besoek die punt en laai al die lesse en studiemateriaal op Edmodo af.
- Die data-punt sal so geprogrammeer word, dat slegs Edmodo-matariaal afgelaai kan word.
- Hierdie diens sal slegs tussen 09:00 en 13:00, Maandag tot Vrydag, beskikbaar wees.

❖ **Klaskamerorganisasie vir die eerste 2 weke vir matrieks:**

- Leerders sal betyds ingelig word in watter groep hulle elke dag val.
- Leerders sal betyds ingelig word oor watter studiemateriaal saamgebring moet word.
- Hantering van notas en leerders se werkboeke sal tot die minimum beperk word.
- Kontrolering van huiswerk sal plaasvind, maar leerders se werkboeke sal nie gestempel of geteken word nie.
- Notas sal sover as moontlik elektronies aan leerders op Edmodo verskaf word.
- Harde kopieë sal aan leerders wat nie toegang tot elektroniese media het nie, verskaf word totdat hulle toegerus is.
- Onderwyser mag nie tussen leerders beweeg tydens onderrigsessies nie.
- 'n Aangename klasklimaat sal geskep word, maar streng dissipline en goeie orde sal gehandhaaf word.
- Kontaksessies sal deeglik beplan en optimaal benut word.
- **Kontaksessies (3 uur lank) kan uit die volgende fasette bestaan:**
  - Kontrolering en remediëring van huiswerk;
  - Onderrig van nuwe werk;
  - Voltooiing van huiswerk, opdragte of taakkaarte in die klas;
  - Afbakening van werk wat tuis selfstandig gedoen moet word;
- Geen groepwerk sal plaasvind nie.
- Neem kennis dat die twee kontaksessies nie ewe lank is nie.

- Namiddae word vir taalonderwysers gereserveer vir die afneem van mondeling en vir ekstra ondersteuningsklasse. Later vir toetse en eksamens!
- Onderwysers sal daaglikse kontak hou met leerders wat nog by die huis is.
- Vakhoofde moet beplanningskemas aanpas in konsultasie met vakspanne.
- Fokus op **kernkonsepte** en hou by die nuwe beplanningskemas.
- Onderrigsessies sal wissel van 120 tot 180 minute;
- Afwisseling in aktiwiteite moet plaasvind.
- Moedig selfstandige studie aan.
- Fokus op leerders se vrae en behoeftes.
- Moenie vrees en verwarring saai nie.
- Laat toe dat leerders kamer verlaat – reguleer dit streng; Leerder moet in- en uitteken.
- Laat toe dat leerders in die klas kan eet en vloeistof inneem – ontmoedig inname van te veel suiker; Beperk dit tot rusperiodes!
- Gee rusperiodes waar leerders selfs op hul arms kan lê.
- Maak alle vensters oop vir goeie ventilasie.
- Wees geduldig en billik.
- Fokus op kernwaardes en goeie lewensbeginsels.
- Meld ongedissiplineerde leerders by skoolhoof aan – gebruik interkom of selfoon.

❖ **WISSELING VAN LEERDERS NA ONDERRIGSESSIES:**

Leerders wat in die westelike vierkant (boonste vierkant), wetenskapblok en noordelike klasse onderrig ontvang, moet in ‘n suidelike en suidoostelike rigting beweeg om klasse te wissel. As jou rigting nie goed is nie, volg slegs die pyle!

- Leerders wat Fisiese Wetenskap tydens die eerste sessie het en daarna na die Wiskundeklasse moet gaan, moet so beweeg:
- Beweeg in enkelgelid teen die trappe af, 1,5 meter uit mekaar;
- Hou hierdie formasie en loop deur die poort verby die Verbruikerstudieklas;
- Hou reguit aan deur die noordwestelike en suidwestelike poorte van die westelike vierkant;
- Beweeg na buite, draai na links en beweeg in ‘n oostelike rigting na die oostelike vierkant;
- Draai links en beweeg deur die suidelike poort naaste aan jou klas;
- Hou te alle tye die voorgeskrewe afstand en bly in enkelgelid;
- Moet aan geen reling, pilaar of muur vat nie;
- Hou jou masker aan;
- Hoes en nies in jou elmboog;
- Toilette mag nie tydens ruiling besoek word nie;
- Saniteer jou hande voordat jy die volgende klas betree;
- Gebruik jou eie ontsmettingsmiddel om jou bank en area te ontsmet, sodat jy gemaklik en veilig voel.

Leerders wat in die oostelike vierkant (onderste vierkant) Wiskunde het en na die Wetenskapblok moet beweeg, doen dit as volg:

- Beweeg in enkelgelid uit die klas, 1,5 meter agtermekaar;
- Stap op die stoepe en beweeg in ‘n noordelike rigting.
- Verlaat die vierkant deur die noordelike poorte;
- Draai links en beweeg met die stoep voor die saal verby na die Wetenskapklasse;
- As die klas op die 2de verdieping is, gebruik die trap naaste aan die klas;
- Hou te alle tye die voorgeskrewe afstand en bly in enkelgelid;
- Moet aan geen reling, pilaar of muur vat nie;
- Hou jou masker aan;
- Hoes en nies in jou elmboog;
- Toilette mag nie tydens ruiling besoek word nie;
- Gebruik jou eie ontsmettingsmiddel om jou bank en area te ontsmet, sodat jy gemaklik en veilig voel.

❖ **Algemeen:**

- Leerders mag nie in teenoorgestelde rigtings verby mekaar beweeg nie;
- Die kortste roete moet gevolg word;
- Beweeg altyd in enkelgelid;
- 1,5 meter uit mekaar;
- Beperk gesprekvoering;
- Raak aan geen struktuur nie;
- Aanvaar aanspreeklikheid vir jou eie veiligheid;
- Onderwysers wat nie klasgee nie, sal die verkeer op die stoepe reguleer.
- Graad 12’s sal aanvanklik direk na die lui van die klok ruil en “pouse” in die volgende lokaal hou. Die graad 11’s sal eers “pouse” in dieselfde lokaal hou en dan ruil. Dit sal beweging op die stoepe vergemaklik.

❖ **PROSEDURE AS ONDERWYSER DIE KLAS MOET VERLAAT**

- Skakel met die persoon wat in u sone op bystand geplaas is;
- Wag tot die persoon daar is;
- Geen klas mag onbeman gelaat word nie;
- AVS sal ‘n lys van personeel opstel wat daagliks op bystand sal wees – ook Saterdae.

❖ **ASSESSERING VAN LEERDERS:**

- Die aangepaste assesseringsprogram sal bekend gemaak word sodra dit van die Departement van Onderwys ontvang word;
- Graad 12-leerdeers sal wel ‘n rekordeksamen voor die eindeksamen aflê;
- Die vakke wat nie tydens die Maarteksamen geskryf is nie, sal nie geskryf word nie;
- Leerders sal ‘n “a” vir daardie vakke op die rapport ontvang;
- **Rapporte sal die eerste Saterdag aan Graad 12’s uitgedeel word;**
- Daar is ook nog nie duidelikheid oor die Praktiese Assesseringstake (PAT’S) nie. Alle PAT’s gaan voort soos aanvanklik beplan is. Leerders moet by die sperdatums hou!
- Klastoetse kan in die lang sessies geskryf word of selfs in die namiddag.
- Formele toetse sal voortaan in die namiddag en / of op Saterdae afgeneem word;
- Eksamensessies sal voortaan ook in die namiddae en Saterdae afgeneem moet word om te voldoen aan die voorskrifte van sosiale distansiëring.

❖ **VAKVERANDERINGE:**

- Alle vakveranderinge sal voortaan deur mev. Naudé hanteer word;
- Alle graad 10- en 11-leerders wat vakveranderinge wil doen, moet so gou as moontlik met haar in verbinding tree;
- Toelating tot 'n vak is onderhewig aan die goedkeuring van die vakhoof en vakonderwyser;
- Handboeke moet by mev. Diedericks by die Kwagga Opvoedkundige Sentrum afgehaal word;
- Ou handboek(e) moet ingegee word om die nuwe handboek(e) te ontvang; geen uitsonderings sal toegelaat word nie;
- Leerder is self verantwoordelik om agterstallige werk in te haal; vakonderwyser sal ondersteuning bied, maar dit sal beperk wees;

❖ **GEDRAGSKODE VIR LEERDERS:**

- Die gedragskode vir leerders bly van toepassing;
- Die volgende aspekte verdien spesiale aandag:
  - Geen rondlopery tydens kontaksessies nie;
  - Geen fisiese kontak tussen leerders nie; geen handdruk, drukkies, elmboog druk of "high five's" nie;
  - Geen besoek aan kleedkamers tydens wisseling nie;
  - Geen hantering van ander leerders se skryfbehoeftes nie;
  - Geen ruiling van notas, handboeke, water, kos, ens. nie;
  - Geen ontwrigting sal toegelaat word nie; ontwrigters sal sonder verhoor onmiddellik vir 7 skooldae geskors word;
  - Wisseling van klasse moet ordelik en stil geskied;
  - Leerders wat ander leerders se veiligheid bedreig, sal onmiddellik geskors word;
  - Geen viktimisering van leerders wat positief getoets het, sal geduld word nie;
  - Hoes en nies in jou elmboog;
  - Saniteer jou hande gereëld;

❖ **SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK: (Volledige dokument sal volg)**

- **<u>Kwagga Opvoedkundige Sentrum:</u> Reeds operasioneel! Skakel gerus met mev. Anna-Marie Naudé (Skoolsielkundige) of me. Anna van Schalkwyk (Adjunkhoof: Versorging) as u enige ondersteuning oor enige saak nodig het. Die diens is verder uitgebrei met kundige spesialiste: Andries Olivier (Sielkundige) en Brenda de Swardt (berader). U kan van vandag af met hierdie persone skakel vir afsprake.**
- *Skoolhoof, Graadhoofde en Registeronderwysers. <u>Elke Registeronderwyser sal 'n klasgroep op Edmodo stig om administratiewe inligting deur te gee</u>. Maak ten volle gebruik van hierdie kommunikasiekanaal. D6 en die skool se webblad sal steeds gebruik word.*
- *Beheerliggaam van Hoërskool Outeniqua (André Keyser is die voorsitter).*
- *Ouers en personeel se gebedsgroep (Ma's en pa's wat bid). Skakel me. Anna van Schalkwyk.*
- *Wes-Kaap Onderwys Departement: Eden en Sentraal Karoo distrikskantoor.*
- *Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000).*
- *The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029 999).*
- *George SAPS (044 8034400).*

❖ **SKOOLSNOEPIE:**

- Die skoolsnoepie sal tydens vlak 4 en 3 gesluit wees. Ouers word aangemoedig om vir kinders ‘n kospakkie saam te stuur wat tydens die dag in die klas genuttig kan word. Die kospakkie moet gesonde kos en peuselhappies insluit, asook gesonde vloeistowwe. As leerders weens behoeftigheid nie ‘n kospakkie kan bekostig nie, kan dit by die graadhoof aangemeld word en die skool sal soos in die verlede hulp verleen.

❖ **KOMMUNIKASIE TUSSEN DIE HUIS / GEMEENSKAP EN DIE SKOOL:**

- Siek personeel en leerders moet by die skool en die Departement van Gesondheid aangemeld word - dit is die wet.
- Mense wat siek word, se kontak met ander individue moet nagevolg kan word om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm, is absoluut noodsaaklik.
- Dit is ouers en personeel se verantwoordelikheid om navrae so volledig moontlik te beantwoord.
- Enige nuwe inligting wat die skool ontvang, sal so spoedig moontlik aan ons gemeenskap gekommunikeer word.

❖ **EERSTE SKOOLDAG:**
*(‘n Dag van aanpassing, oriëntering en eerste kennismaking met die nuwe onderrigbenadering)*

- Nadat jy in jou klas aangemeld het, sal tyd spandeer word om jou te verwelkom en jou tuis te laat voel by die skool en om aan jou te verduidelik hoe alles gaan werk.
- Die program sal ongeveer 45 minute duur en die volgende insluit:
  - ‘n Geleentheid vir refleksie oor die grendelperiode - Vakonderwyser
  - ‘n Kort boodskap van die skoolhoof - mnr. C.P. Vorster
  - ‘n Kort boodskap van die 3 graadhoofde - Graadhoofde
  - ‘n Kort oriënteringsvideo oor die rooster - mnr. J. Els
  - ‘n Kort video oor die skool se ondersteuningsdienste - mev. A. Naudé
- Kort ruspouse in die klas
- Les
- Kort ruspouse in die klas
- Aktiwiteite soos deur die vakonderwyser bepaal
- Pouse in die klas en ruiling na volgende klas
- Les
- Kort ruspouse in die klas
- Aktiwiteite soos deur die vakonderwyser bepaal
- Kort ruspouse in die klas
- Aktiwiteite soos deur die vakonderwyser bepaal
- Skool verdaag

- **Moontlike verloop van die res van die kwartaal:**
  - Daar heers steeds onsekerheid oor wanneer die res van die grade weer by ons aansluit. Dit maak vooruitbeplanning baie moeilik. Die onderwyser en leerder sal op kort kennisgewing by veranderinge moet aanpas.
  - Dit kan gebeur dat 'n deel van die personeel in kwarantyn geplaas word of selfs die skool. Ons sal gedwing word om in hierdie dae vinnig aan te pas by heersende omstandighede.
  - Die vordering van die matrieks sal baie fyn gemonitor word en ons sal op 'n daaglikse basis met hulle kommunikeer oor hul spesifieke behoeftes.
  - Hoewel die afhandeling van die matrieks se leerplan ons eerste prioriteit is, bly ons hoogste strewe om aan elke kind se behoeftes te voldoen. Ons is die skool vir elke kind. Daarom vra ons dat onderwysers en leerders van 1 Junie voltyds sal werk om aan hierdie strewe uiting te gee.
  - Die rooster kan moontlik so lyk as die graad 10- tot 12-leeders by die skool moet wees.

**AS GRAAD 12, 11 EN 10 SKOOL MOET BYWOON**

| | 12 | 11 | 10 |
|---|---|---|---|
| Maandag | X | X | |
| Dinsdag | X | | X |
| Woensdag | | X | |
| Donderdag | | | X |
| Vrydag | X | | |

**AS GRAAD 8 EN GRAAD 9 BY KOM**

| | 12 | 11 | 10 | 9 | 8 |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | X | X | | | |
| Dinsdag | | X | X | | |
| Woensdag | | | | X | X |
| Donderdag | | | | X | X |
| Vrydag | X | | X | | |

**AS DIE MATRIEKS VOEL DAT HULLE SLEGS 'N HERSIENINGPROGRAM WIL VOLG**

**- VERAL VOOR DIE REKORDEKSAMEN -**

| | 12 | 11 | 10 | 9 | 8 |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | | X | X | | |
| Dinsdag | | X | X | | |
| Woensdag | | | | X | X |
| Donderdag | | | | X | X |
| Vrydag | | X | X | | |

*Onthou net dat sosiale afstand gehandhaaf moet word. Dit beteken dat daar steeds in groepe in elke vak gewerk sal word. Daar sal hoogtens drie vakke per dag aangebied kan word (3 vakke x 2 groepe = 6 periodes). Besef julle waarom julle selfstandig moet werk. Die alternatief is om met volle seksies te werk.* ***Dit verhoog die risiko geweldig!***

*Verskeie modelle sal ondersoek word voordat die beste model gekies sal word. Ons sal u betyds inlig!*

- **MUSIEK EN LEWENSORIËNTERING VIR GRAAD 12**

    - Die Musiekpersoneel sal self met die leerders reël wanneer hulle vir onderrig moet aanmeld. Dit kan selfs in die namiddae wees.
    - Die LO-lesse sal op 1 Junie op Edmodo begin.
    - LO is in die verlede tydens die rekordeksamen geskryf. Ons hoop dat dit na ‘n latere datum geskuif sal word.
    - Daar sal geen praktiese punte vir LO wees nie.
    - Die LO-taak moet deeglik en volledig voltooi word. Skenk aandag hieraan, want dit kan vir jou ‘n goeie punt besorg.
    - Fisiese LO-lesse sal in die week van 15 Junie begin. Werk wat egter vanaf 1 Junie gedoen is, sal nie weer behandel word nie. Daar sal ook nie meer as 1 les per week vanaf 15 Junie wees nie. Selfstandige studie is dus die antwoord.

- **Wenk aan onderwysers:**

    - Sekere maskers demp u stem en dit kan u onhoorbaar maak vir die leerders.
    - Maak vir uself ‘n kateder waarvandaan u kan klasgee.
    - Monteer ‘n perspex-skerm op die kateder waaragter u kan klasgee.
    - Saniteer dit na elke sessie.

- **TIEN WENKE AAN LEERDERS EN ONDERWYSERS:**

- Ag jouself hoog – jy is dit werd!
- Wees positief!
- Sê elke dag vir jouself: Ek sal! Ek kan! Ek gaan! Ek het reeds begin!
- Wees eerlik met jouself! Breek daardie stokkies!
- Wees aanpasbaar! Wees veerkragtig!
- Beplan jou werk en werk volgens plan.
- Stel doelwitte en streef om dit te verwesenlik.
- Kyk na jouself, maar ook na mense om jou.
- Dink! Doen! Geniet!
- Volhard: Hou aan aanhou, Kwaggas!

Baie sterkte aan elke Kwagga, elke Kwagga-ouer en elke Kwagga-onderwyser!

**Saam is ons sterker!** (Die Springbokke het daarmee die wêreldbeker verower!)

Saam sal ons hierdie hindernis oorkom!

Ons bid vir genade en beskerming van ons Skepper vir elke kind, elke onderwyser, elke ouer.

**Saamgestel deur die Senior Skoolbetuur van Hoërskool Outeniqua.**

**Mnr. Christo Vorster mnr. Chris Hattingh Me. Anna van Schalkwyk Me. Retha Smith mnr. Piet Cloete**